# <u>Verhouding sabotasie (13-12-2015)</u>

**Die verhouding waarvan in hierdie boodskap gepraat word, is die verhouding tussen ons en ons VADER en ook andersom gestel, Sy verhouding met ons, waarvan ons nie weet nie, nl. die rede vir ons bestaan.**

**Yahweh het die mens gemaak, om met Hom ‘n verhouding te hê… om Hom lief te kan hê.**

**Is VADER vir jou ‘n werklikheid, of is Hy vir jou ‘n GOD daar vêr?**

**VADER het ons na Sy beeld gemaak en hierdie verhouding met Hom, word eur die teëstander, nl. die duiwel, gesabotteer, omdat die teëstander, Yahweh haat.**

**Johannes** 17:21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

**Génesis** 1:27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

**Maleági** 2:15 Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het ‘n geslag van God gesoek.

**Génesis** 6:5 Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, 6 het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.

**Jesaja** 66:1 So sê die HERE: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees? 2 Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord.




**Johannes** 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie.

**1 Johannes** 5:19  Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.

**Lukas** 4:5  Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. 6  En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. 7  As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort.

**Lukas** 8:12  Dié langs die pad is die hoorders. Daarna kom die duiwel en neem die woord uit hul harte weg, sodat hulle nie sou glo en gered word nie.

**1 Timótheüs** 2:3  Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, 4  wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

**1 Petrus** 5:8  Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. 9  Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof,

**Matthéüs** 25:41  Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

**Johannes** 17:22  En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. 23  Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

**Johannes** 17:26  En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, **sodat die liefde waarmee U My liefgehad het**, in hulle kan wees, en Ek in hulle.

**Johannes** 15:15  Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.

**Matthéüs** 25:40  En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.

**Matthéüs** 28:10  En Jesus sê vir hulle: Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na Galiléa moet gaan; en daar sal hulle My sien.